# NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2025

Deur **Aanbidding** wat leef vanuit die erediens
en ons gebedslewe, groei ons

**2025.25**

---

Handelinge 16:25; Psalm 150:1-6; 1 Samuel 16:14-23; 2 Samuel 6:12-15; Psalm 33:2-3

**Kom ons gesels oor musiekinstrumente in aanbidding…**

Wat hoor jy as die gemeente sing? Wat definieer die klank? Die orrel? Die kitare? Die drom? Die soliste? Natuurlik geniet en waardeer ons almal, maar die klank wat Sondagoggende behoort te definieer, is die stemme van God se mense.

Maar net een instrument sing. Net die stem bring lofwoorde voort – uitdrukkings van God se mag, goedheid, genade, ens. Net die menslike stem verklaar die waarheid. Selfs die beste note kan niemand red nie. Ons soek desperaat na ‘n woord wat goeie nuus aankondig – wat ons aan die waarheid wat ons almal nodig het, herinner. Van al die musiekinstrumente wat ons die kerk kan gebruik, is die mens se stem die belangrikste!

In die kerk word daar gewoonlik met een of ander musiekinstrument gesing. Soms meer as een (vergelyk bv Psalm 150). Maar as die regte beginsels nie gevolg word nie, kan dit nogal moeilik raak. Instrumente moet eintlik net een doel dien: om die sang in die erediens te dra en te ondersteun. As die musiek te hard of te sag is, of nie mooi voorberei is nie, trek dit die aandag van die woorde af – en dan mis ons die boodskap van die lied.

Deesdae word baie verskillende instrumente in die kerk gebruik – van die klassieke kerkorrel tot tromme, kitare (akoesties en elektries), baskitare, klaviere, keybords, trompette, fluite, harpe, saksofone en selfs tamboeryne. In plaas van die ou gedrukte liedboeke, sien ons al hoe meer dataprojektors en digitale skerms. Klankstelsels in kerke het ook baie verbeter en musiekgroepe of *bands* is amper standaard. In baie gemeentes is die koor of voorsanger vervang deur so ’n lof-en-aanbiddingsgroep, met ’n *worship leader* wat die leiding neem. Woorde soos *worship team*, *stage* en *praise and worship* is nou heeltemal normaal in baie NG-gemeentes.

Party gemeentes probeer ’n gemengde styl – klassieke liedere en kontemporêre musiek saam. Ander gemeentes hou eerder verskillende dienste om voorsiening te maak vir verskillende generasies en style. Gemeentesang self word ook al hoe meer as *praise and worship* beskryf – ’n term wat eintlik uit die charismatiese en pentekostalistiese tradisie kom.

Nie alle sing is ‘n wonder nie. Wat ‘n lied ‘n wonder maak is wanneer dit uit ‘n verloste en opregte hart kom. Dit is ‘n lied van genade wat nie van diep binne ons kom nie, maar va bo af. *Hy het my ‘n nuwe lied in die mond gelê, ‘n loflied vir ons God. Baie sal daarvan hoor en Hom die eer toebring, hulle sal op die Here vertrou!* (Psalm 40:4). *Die Here is my sterkte en my beskermer, op Hom het ek vertrou. Hy het my gehelp. Daarom is ek bly en wil ek Hom loof met my lied* (Psalm 28:7).

- https://www.christelikemedia.org/article/n-koninklike-instrument
- https://www.bibliatodo.com/af/bybel-verse/lof-en-aanbidding/musiekinstrumente
- https://www.christelikemedia.org/article/kerk-en-musiek

Dink bietjie:

- Hoe help die musiek en instrumente jou om meer betrokke te voel by aanbidding?
- Hou jy van musiek? Watter instrument speel jy graag of wil jy graag leer speel?
- Kan jy God prys sonder musiek? Hoe?

*Vir die groepgesprek:*

1. Watter musiekinstrumente word in ons kerk of musiekbediening gebruik?
2. Hoe help die musiek en instrumente ons om meer betrokke te voel by aanbidding?
3. Gesels bietjie oor musiekinstumente in die kerk: watter instrument dink julle is die belangrikste en watter hoort dalk glad nie daar nie?

*Vanuit die teksgedeeltes:*

1. In Handelinge 16:25 sing Paulus en Silas in die tronk. Wat gebeur hier? Watter musiekinstrument gebruik hulle?
2. Psalm 150:1-6 is ʼn loflied wat spesifiek oproep tot aanbidding met verskeie instrumente: Hoeveel kan julle identifiseer?
3. Watter invloed het die lier op Saul in 1 Samuel 16:14-23?
4. In 2 Samuel 6:12-15 word die ark van die verbond teruggebring na Jerusalem met musiek en dans. Watter instrumente is genoem wat gebruik is tydens die feesviering?
5. In Psalm 33:2-3 word ons aangesê om met instrumente te aanbid.
    - Hoe word ons aangesê om God met instrumente te loof?
    - Watter rol speel kreatiwiteit en musiek in jou eie aanbidding?

**Gebed**

- Bid dat God jou hart sal oopmaak om Hom met vreugde en opregtheid te aanbid, met of sonder musiekinstrumente.
- Vra vir ʼn gevoel van vrede en fokus tydens aanbidding, dat die musiek jou nader aan God bring